

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



FEBRUARIE
2017

Sewe vrae wat gereeld gevra word rakende die GRAAN SA KONGRES

Die jaarlikse Graan SA Kongres sal vanjaar gehou word op 8 en 9 Maart. Pula Imvula het Jaco Minnaar, Graan SA se voorsitter, gevra om 'n paar vrae wat dikwels gevra word, te beantwoord.

Wat behels die Kongres en hoe word dit gekonstitueer?

Die Graan SA Kongres is die algemene jaarvergadering van lede en is die hoogste gesag van

Graan SA. Die Kongres word jaarliks belê op 'n datum en plek bepaal deur die Uitvoerende Komitee. Die kongres is geskeduleer om plaas te vind op 8 en 9 Maart 2017 op NAMPO Park, Bothaville.

Wat is die funksie van die Kongres?

Die funksie van die Kongres is:

- Die oorweging, bespreking en goedkeuring van die finansiële jaarstate, ouditeursverslag en die verslag van die Uitvoerende Komitee van Graan SA;
- Die verkiesing van die voorsitter en 2 (twee) vise-voorsitters;
- Die verkiesing van die Uitvoerende Komitee;
- Die aanstelling van 'n ouditeur en die goedkeuring van sy fooie; en
- Hantering van ander spesiale sake wat bespreek moet word.

Hoe word afgevaardigdes tot die Kongres verkies?

Die Grondwet maak voorseening vir verteenwoordiging op grond van heffings betaal per streek vir kommersiële gebiede. Die aantal afgevaardigdes per streek word jaarliks gewysig deur die berekening van die drie jaar glyskala gemiddelde van betalings van heffing per streek.

Na ooreleg met die verteenwoordigers van die Boere Ontwikkelings Werkgroep op 28 September 2016, is daar ooreengekom om die afvaardiging na die Kongres van die vier ontwikkelende streke te bereken met inagneming van die aantal opbetaalde 250 Ton Klub lede van hierdie streke. Die afgevaardigdes van dié streke sal dus volgens **Tabel 1** wees.

Op die streeksvergaderings voor die Kongres, sal afgevaardigdes van die streke benoem word om die kongres by te woon.

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:

04 | 101 Jaar van reënvalrekords
– 'n waardevolle hulpbron vir gewasproduksie

06 | Die vier bene van 'n besigheid

08 | Moet nooit moed opgee nie
– agter elke wolk is daar 'n silwer randjie



03



07

05





OUMA JANE SÊ...

Februarie is een van die stilste maande in die kalender van die graanboer – die wintergewasse is nog nie geplant nie en die somergewasse groei. Daar is nie veel wat jy kan doen om die gewasse nou te help nie, omdat hulle moet ontwikkel en saad vorm vir jou om te oes.

Boerdery gaan egter nie net oor die aanplant en versorging van gewasse nie. Hierdie maand kan goed gebruik word as jy heinings en geboue wil herstel en jou trekkers en toerusting in stand wil hou. Dit betaal altyd om herstelwerk te doen voordat die skade groot is – die Engelse uitdrukking, “*A stitch in time saves nine*” – is vandag steeds relevant. As jy voortdurend geringe herstelwerk en instandhouding doen, sal jy ‘n aantal groter brekassies vermy wat jou ‘n klomp geld en staantyd kan kos.

Die wintergewas boere sal voorberei om die volgende oes te plant – ons weet dat die 2016 seisoen ‘n goeie een vir die koring en gars boere in die Wes-en Suid-Kaap was en ons hoop dat hierdie jaar ook vir hulle goed sal wees. Onthou om nie kortpaaie te vat nie – doen alles wat jy doen, goed.

Volgende maand sal ons die Graan SA Kongres hê. Gedurende hierdie maand sal jy uitgenooi word na streeksvergaderings. Doen asseblief moeite om dit by te woon, omdat Graan SA ‘n lede organisasie is en die betrokkenheid van lede is nodig om die organisasie lewendig en energiek te hou. Onthou asseblief dat slegs opbetaalde lede die Kongres mag bywoon – maak asseblief seker dat jy betaal het. Indien jy onseker daaroor is, kontak jou ontwikkelingskoördineerder wat jou sal kan blystaan in hierdie verband.

Bemarking van mielies kan ‘n uitdaging wees – as jy nog nie planne gemaak het nie, doen dit asseblief. Ons wil hê jy moet die beste moontlike prys kry vir jou gewas, sodat jy die voordele van jou harde arbeid kan pluk.

Februarie is ‘n goeie maand vir die aanplant van bome – dit is nie iets wat almal doen nie, maar dit is steeds nodig dat ons bome plant vir ons omgewing. Laat ons almal hierdie maand minstens een boom plant – jy mag dalk nie meer leef om in sy skaduwee te sit nie, maar die skaduwee wat jy vandag geniet, is waarskynlik geplant deur iemand anders – dit is iets wat ons vir toekomstige geslagte doen.

Sewe vrae wat gereeld gevra word rakende die Graan SA Kongres

Tabel 1: Die afvaardiging van ontwikkelende streke is soos volg:

Streek	Uitvoerende lid	Afgevaardigdes
Streek 28	Maseli Letuka	12
Streek 29	Gift Mafuleka	7
Streek 30	Ramodisa Monaisa	3
Streek 31	Israel Mothabane	12
Totaal		34

Wanneer is ledeheffings betaalbaar?

Ledegeld en die kommoditeitsheffing (indien van toepassing) word jaarliks betaal vanaf 1 Maart tot die einde van Februarie, wanneer die finansiële jaar vir ledegeld en heffings eindig. Die status van lidmaatskap word bepaal deur die betalings ontvang tot aan die einde van Februarie wat die Kongres voorafgaan.

Geen betalings vir ledegeld sal aanvaar word op die dag van registrasie vir die Kongres of tydens die Kongres nie.

Die huidige ledegeld vir kommersiële lede is R1 000 plus BTW, asook die kommoditeitsheffing. Die ledegeld vir studiegroep lede is R30 per jaar.

Lede wat nie voldoen aan die vereistes vir lidmaatskap, kan nie:

- Die Kongres bywoon as stem afgevaardigde nie; of
- genomineer word om te dien in ‘n amptelike hoedanigheid nie. So ‘n persoon kan slegs die Kongres bywoon as ‘n waarneemer. Maak asseblief seker dat opbetaalde kommersiële lede as afgevaardigdes na die Kongres gekies word.

Dit sal aan die Kongres van 2017 aanbeveel word dat die grondwet gevysisig word om voorsiening te maak vir net twee kategorieë van lidmaatskap, naamlik kommersiële lede wat ten minste 100 ton graan vir bemarking produseer en studiegroep lede wat minder as 100 ton graan produseer.

Navrae met betrekking tot die status van lidmaatskap kan gerig word aan Patricia of Elray by 086 004 7246.

Mag ek die streeksvergaderings voor die Kongres bywoon?

Kennis van die streeksvergaderings voor die Kongres sal uitgestuur word via die Graan SA en streekkantore.

Alle graanprodusente is welkom om die plaaslike vergaderings by te woon en vrae te vra aan Graan SA personeel en amptsdraers. Slegs opbetaalde kommersiële of

studiegroep lede kan op streeksvergaderings stem.

Wie mag by die Kongres stem?

Slegs lede wie se ledegeld en bedryfsheffing betaal is teen die einde van Februarie 2017, kwalifiseer as ‘n stem afgevaardigde na die Kongres.

Hoe word die voorsitter, twee vise-voorsitters en Uitvoerende Komitee verkieks?


Die Kongres moet jaarliks ‘n voorsitter en twee vise-voorsitters uit die afgevaardigdes na die Kongres verkies en hulle moet in die amp bly tot na afloop van die Kongres wat volg op die Kongres waarby hulle verkies is.

‘n Persoon kan genomineer en verkies word as voorsitter of vise-voorsitter van Graan SA, slegs indien daardie persoon gedelegeer is as opbetaalde afgevaardigde na die Kongres deur die streek wat verteenwoordig is.

Indien die voorsitter of eerste vise-voorsitter nie verteenwoordigend is van die ontwikkelende produsente nie, moet die tweede vise-voorsitter wat verkies word, verteenwoordigend van die ontwikkelende graanprodusente wees.

Een verteenwoordiger vir elke streek (1 - 31) word verkies tot die Uitvoerende Komitee vir ‘n termyn van twee jaar. Die lede van die Uitvoerende Komitee van streke is tydens die Kongres genomineer deur afgevaardigdes van die betrokke streek en verkies deur middel van geslotte stembriewe.

Die voorsitter, twee vise-voorsitters en die addisionele lid verteenwoordig nie ‘n streek nie.



**Artikel verskaf deur Jaco Minnaar,
Voorsitter: Graan SA. Vir meer inligting,
stuur ‘n e-pos na jaco@compuking.co.za.**

Voorkoming en beheer van stronkboorder by mielies

Mielies is die mees wyd geproduceerde gewas in Suid-Afrika en word op groot skaal verbou in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes, asook die meeste ander provinsies, maar op kleiner oppervlaktes. In hierdie land vertrou ons op mielies as ons stapelvoedsel. Dit is 'n komoditeit wat 'n groot deel van ons ekonomiese vorm en daarom het ons nodig om deeglik daarna te kyk.

Dit kan soms uitdagend wees omdat die natuur daarvan hou om soms terug te slaan. Alle lewendende organismes het vyande, selfs die mielieplant. Ons moet leer hoe om ons oeste te beskerm teen hierdie vyande na die beste van ons vermoëns. In hierdie artikel sal ons kortlik die uitdagings van die hantering van stronkboorder in ons mielies verduidelik.

Identifisering van stronkboorder by mielies

Die beste metode om te bepaal of daar stronkboorder besmetting in jou mielies is, is om te verken en jou lande te inspekteer. Probeer om in 'n rooster patroon te verken om 'n geheelbeeld van die land te kry. Sodaar jy klaar is met verkenning van die gebied moet jy probeer om die skade te kwantifiseer in 'n persentasie wat jou sal help om vas te stel of dit ekonomies sin maak om 'n chemiese beheermiddel te spuit.

Hoe kan jy kyk vir stronkboorder besmetting? 'n Boer kan tekens op die mielies optel van so vroeg as drie weke. Die mees prominente teken om na te kyk is gate op die blare in perfekte formasie. Dit staan bekend as "haelgeweer" skade. Soos hul naam suggereer, voed die ruspes primêr in die stam van die mielieplant. Tydens die pluimvorming stadium val die ruspes ook soms op die mieliekop en voed op die kop self of by die basis van die kop. Indien dit die geval is, kan 'n boer soms sien dat koppe voortdig afval, omdat die energievoorsiening aan die kop afgesny word.

Nog 'n metode vir die identifisering van besmetting is om te kyk vir die fisiese ruspes in die plante. 'n Mens kan deur die land in die nag loop en identifiseer of daar klein grys en wit motte teenwoordig is. Die grys mot is die manlike en die wit mot is die vroulike mot. Motte vlieg in die nag en lê hul eiers op mielieplante tussen die blaarskede en die stam van die jongste blaar wat ten volle oop is. Eiers broei uit in ruspes, wat beweeg na die groepunte, waar hulle begin om te voed.



Afrika mieliestronkboorder.

Foto verskaf deur Annemarie Erasmus, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Beheer van stronkboorder

Sodaar die boer bepaal het dat daar in werklikheid 'n slechte besmetting van stronkboorder in sy mielie-oes is (gewoonlik meer as 10% van die plante) sal hy 'n plan van aksie moet volg. Die primêre metode van beheer is deur chemiese toediening. Die boer sal 'n insekdoder wat bedoel is vir die beheer van stronkboorder gebruik en toedien deur die gebruik van 'n onkruidspuit. Voordat die boer die chemiese middel toedien, moet hy seker wees van die presiese doel van die chemiese middel, aangesien nie alle gifstowwe dieselfde is nie. Sommige werk deur direkte kontak en ander is sistemiese gifstowwe wat daarop gemik is om larwes in die blare en in die stamme van die mielieplant te dood. Onthou dat alle gifstowwe gevaarlik is en moet met uiterste versigtigheid en omsigtigheid hanteer word. Dra handskoene, 'n masker en beskermende bril wanneer jy met 'n chemiese middel werk.

Voorkoming

Moderne landbou het groot vooruitgang met kultivar ontwikkeling gemaak. Sommige mieliekultivars is nou geneties gemodifiseerd om besmetting van stronkboorder te weerstaan. Dit is 'n groot hulp vir die boer in die beheer van

“

Die beste metode om te bepaal of daar stronkboorder besmetting in jou mielies is, is om te verken en jou lande te inspekteer.

peste. Dit kom egter teen 'n prys. GM mieliesaad kos aansienlik meer as die standaard nie-GM saad. Wanneer jy standaard mieliesaad plant, is die beste metode van voorkoming om proaktief te wees. Verken jou lande gereeld deur te inspekteer vir besmetting van stronkboorder en neem vinnige aksie wanneer jy 'n probleem identifiseer.

Onthou dat stronkboorder en ander insekte die potensiaal het om duisende Rande se waarde van jou oes te vernietig. Dus moet jy nie ledig sit nie. Maak seker dat jy altyd bewus is van wat aangaan op jou lande.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
gavmat@gmail.com.**



101 Jaar van reënvalrekords

- 'n waardevolle hulpbron vir gewasproduksie

Die Pula Imvula November 2016 se artikel "Hou reënvalrekords om risiko te verminder", wat handel oor die hou van reënvalrekords en die assessering van die voginhoud van jou grond, kan gelees word in samehang met hierdie artikel.

Groot dank moet uitgespreek word teenoor die Johnson familieboerdery by Waterland, vir die verskaffing van 101 jaar van reënvaldata. Die Johnson familie boer in die Oos-Vrystaat en moet gelukgewens word vir die feit dat hulle in staat was om noukeurige reënvalrekords te hou oor drie generasies boere vir hierdie lang tydperk.

Reënvalrekords kan op baie maniere gebruik word. Kennis van die langtermyn jaarlikse en maandelikse patronen kan gebruik word in 'n breër verband vir die berekening van die waarskynlike afloop in groot plaasdammme en waterverbruik in die algemeen en vir die produksie van gewasbeplanning op jou plaas. Op groter plekke moet die boer rekords hou op verskeie plekke, afhangende van grondgebruik in lae en hoë potensiaal gewas afdelings en gebiede wat hoofsaaklik gebruik vir aangeplante weiding en natuurlike veld.

Die bewaring van vog in die grond wat ontvang is oor 'n lang termyn in gewas en wis-

“



Kennis van die langtermyn jaarlikse en maandelikse patronen kan gebruik word in 'n breër verband vir die berekening van die waarskynlike afloop in groot plaasdammme en waterverbruik in die algemeen en vir die produksie van gewasbeplanning op jou plaas.

selweiding, sal van kritieke belang wees vir die sukses van enige boerdery. Die groot koste en risiko's wat betrokke is by die produksie van gewasse, kan versag word deur die gebruik van die mees optimale grond en vogbewaring verbouingsmetodes.

'n Blik op die reënval syfers

Grafiek 1 toon die maandelikse reënval ontvang op die plaas Waterlands oor 'n tydperk van 101 jaar wat saamgestel is uit die daagliks en maandeliks rekords, in vergelyking met die distrik en nasionale reënval gemiddeldes.

Grafiek 1: Maandelikse reënval wat op die plaas Waterlands ontvang is oor 'n periode van 101 jaar.



'n Rydom van inligting kan verkry word deur die ontleding van die data op verskillende maniere. Hoewel die langtermyn gemiddelde 607 mm/jaar is, is die laagste reënval wat ontvang is in 'n kalenderjaar, 313 mm en die hoogste 980 mm/jaar. Die langtermyn gemiddelde vir Waterlands is 607 mm in vergelyking met 585 mm/jaar vir die groter reënval distrik 71 waarin die plaas geleë is en die nasionale gemiddeld van 448 mm/jaar. Wat nie aangedui is nie, is die Vrystaat gemid-



deld van 590 mm per jaar. Suid-Afrika is 'n sogenoemde droë land met 'n relatief lae reënval in vergelyking met ander lande.

Die verspreiding van reënval met hoër reënval in die gewas produserende gebied, maak voorsiening vir die kommersiële produksie van droëland graangewasse indien boerderypraktyke gevvolg word wat goeie vogbewaring beoefen. In gebiede waar 'n gemiddeld van 600 mm/jaar tot 650 mm/jaar reënval

ontvang word en na gelang van grondpotensiaal, kan produksie van ekonomiese gewasse ekonomies lewensvatbaar wees. 'n Belangrike faktor is die verspreiding van die reënval in die winter en somer produksieseisoene en waar reënval effekief gebruik kan word vir 'n optimale opbrengs van 'n bepaalde gewas. Die grafiek toon dat daar 'n baie konsekwente patroon is tussen plaaslike reënval op 'n plaas of distrik en ons nasionale jaarlikse patroon.

“

Die bewaring van vog in die grond wat ontvang is oor 'n lang termyn in gewas en wisselweiding, sal van kritieke belang wees vir die sukses van enige boerdery.

Reënval en wisselboubeplanning vir gewasse

Die ontleding van die Waterland rekords toon dat 471 mm reën, of 78% van die totale reën, oor die lang termyn, ontvang is gedurende die November tot April somerseisoen en 136 mm in die winter braak of nie-groeiseisoen. Die somergewas kan geëvalueer word vir waterverbruik en opbrengspotensiaal binne die beperkings van die 471 mm reën wat potensieel ontvang kan word in die groeiseisoen. Mielies benodig tussen 500 mm en 800 mm water om 'n oes te lever wat wissel van 3,5 t/ha tot 6 t/ha afhangende van kultivar, grondpotensiaal en hitte-eenhede ontvang in jou produksie-area. Met goeie bewaringspraktyke is dit moontlik om die meeste van die 136 mm reën op te gaan op die land tussen gewasse.

Donderstorms van meer as 50 mm in die somerproduksie tydperk sal lei tot 'n afloop van oortollige vog wat die grond kan absorbeer. As ons byvoorbeeld 50 mm afloopwater per jaar het, het ons net 421 mm vog in die somerseisoen beskikbaar, plus die gedeelte van die winter reënval gestoor in die grond vir gewasgroei in enige van die somergewasse. Die totale bestraalde vog beskikbaar kan dan gebruik word om meer akkuraat die optimum opbrengsteikens vir elke gewas te skat.

Gegewe die gronddiepte, hoeveelheid reënval en patronen, sou dit nie wys wees om te bemes of insette te verhoog om te streef na 'n 5 - 6 ton mielie-oes nie. Hierdie opbrengste sou moontlik slegs een of twee keer bereik kon word in 30 jaar toe bogemiddelde reënval ontvang is. 'n 3,5 t/ha teiken sou meer realisties onder hierdie omstandighede wees.

Gevolgtrekking

Gebruik 'n akkurate evaluering van jou spesifieke langtermyn reënvalrekords, hou patronen in gedagte vir die beplanning van meer realistiese en ekonomies lewensvatbare oesopbrengs teikens.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.

Die vier bene van 'n besigheid

Raymond Ackerman het Pick n Pay gebou op 'n bestuursfilosofie van 'n viervoetige tafel. Die vier bene van sy tafel is die mense (menslike hulpbronne), die goedere been (produksie), die bevorderingsbeen (bemarking) en die administratiewe been (insluitend finansies).

Elke been moet sterk genoeg wees om die tafel regop te hou en dieselfde lengte hê, genoeg om die tafel gebalanseerd en gelyk te hou. Indien enige een van die bene wankel, sal die tafel kantel; indien 'n been in due stort, sal die tafel val. Die tafelplasings op hierdie plat, veilige basis is die dag-tot-dag aktiwiteite en bedrywigheede van die besigheid.

Onthou in die praktyk beteken bestuur om alle bestuurareas behoorlik te beplan, te organiseer, te implementeer en te beheer (bestuurstaak). Die bestuursareas is produksie-, bemarking-, aankope-, finansies-, administratief-, menslike hulpbronne, openbare betrekkinge-, bate en voorraadopname en algemene bestuur. Terselfdertyd, terwyl elk van die bestuurstake uitgevoer word, moet die boer/bestuurder ook 'n goeie leier wees wat besluite kan neem, intern en eksterne komunikasie, werk delegeer, afdelingskoördineer, sy werknemers motiveer en dissipline beide informeel en formeel in stand hou.

Die storie agter Ackerman se filosofie is dat die tabel 'n besigheid verteenwoordig en die bene sekere areas van bestuur. Ackerman het besef dit is baie moeilik om al die areas van bestuur perfek te bestuur en hy het besluit om te koncentreer op vier areas – die vier bene van sy besigheid. Hierdie areas moet behoorlik

bestuur word om die besigheid stabiel en behoorlik op dreef te hou. Indien slegs een bestuursarea (been) nie behoorlik bestuur word nie, sal die besigheid nie glad verloop soos dit moet nie en sal uiteindelik swig voor mislukking.

In die lig van 'n moderne uitkyk op sake, kom ons herdefinieer hierdie idee na een waar elke bestuursarea beskou word as 'n tafel wat gebou word op die vier bene van beplanning, organisering implementering en beheer. Jou besigheid kan dan deur nege tafels verteenwoordig word – die nege bestuursareas is saamgestel in die vorm van 'n piramide. Dink aan die menslike piramides wat ons gebou het as kinders, wanneer die man aan die onderkant ingee (gewoonlik het die arms van hierdie kind ingegee), het die hele piramide inengestort. Doen jy die regte dinge in jou besigheid om al die tafels te ondersteun om jou besigheidspiramide regop te hou?

Vir die kleiner boer wat die meeste van die werk self doen, is dit al hoe moeiliker om elke area perfek te bestuur. Daarom is die boodskap dat jy moet fokus op vier stabiele tafels (bestuursareas) waarop die res sal staan of val. Fokus dan op die bestuur van hierdie areas na die beste van jou vermoë om die nodige stabiliteit en sterkte te bou. Indien hierdie tafels behoorlik funksioneer, sal hulle die ander tafels ondersteun. Die meeste besighede, soos 'n boerdery, staan op die vier tafels van produksie, bemarking, finansies en menslike hulpbronne. Jy kan nie alles vir jouself perfek doen nie, fokus dus op hierdie areas of die mense wat jy kies. Elke tafel het 'n rol om te speel en dit is die baas se taak om balans te kry en alles te laat werk.


“Doen jy die regte dinge in jou besigheid om al die tafels te ondersteun om jou besigheidspiramide regop te hou?”

Is jou tafelblaai gelyk? As een been langer is as die ander bene, sal die tafel inval en 'n skuins tafel is nie 'n goeie een waarop die tafelplasings moet kom nie. Byvoorbeeld – het jy die werk van elke area behoorlik beplan, maar dan verwaarloos jy die implementering van jou planne. Of dat jy beplan het om 30 000 mieliepitte/ha te plant, maar uiteindelik net sowat 20 000 geplant het.

Terwyl al die tafels noodsaklik is vir die oorlewing en welvaart van jou besigheid, is die bemarkingstafel dikwels die een wat eerste in due stort as gevolg van swak bene. "Maklik om te maak, moeilik om te verkoop", soos die spreekwoord sê. As hierdie tafel in due stort, sal die ander tafels uiteindelik volg. Die mark is genadeloos, het geen sentiment nie en hierdie tafel is die een wat dikwels die moeilikste is om gelyk te hou. Die bemarkingsdireksies van weleer het geleid tot boere wat nie nodig gehad het om bemarkingsvaardighede te ontwikkel nie en deregulasies het hulle in die diepkant ingegooi. Daarom moet jy altyd die beginsel toepas – "moet nooit enige produk produseer voordat jy nie die bemarking van die produk verseker het nie".

Die konsep van Ackerman se tafel in vandag se wêreld, het 'n verdere oorvereenvoudiging. In die sakewêreld van vandag, veral die landbou, staan die tafels op 'n oppervlak wat altyd verander en verskuif, byvoorbeeld as gevolg van politieke onsekerhede, bemarkingsuitdagings, koste-prys probleme en die klimaat. Die bene moet deurlopend aandag kry en die tafelplasings benodig konstante herrangskikking.

Onthou, die enigste konstante vandag is verandering – hou aan werk aan die bene van die tafels – beplanning, organisering implementering en beheer. Omstandighede verskil van jaar tot jaar en dus moet jou bestuur voortdurend aanpas.



Artikel verskaf deur Marius Greyling,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na mariusg@mciacc.co.za.

Graan SA gesels met... Andries van der Poll

Hierdie passievolle boer van die Swartland-streek in die Wes-Kaap Provinsie, glo dat harde werk en deeglike beplanning die grootste bydraer tot sy vordering en sukses is. Andries van der Poll het die ervaring en motivering om sy doelwit te behaal om sy plaas ten volle te diversifiseer en wil graag sy passie met ander jong aspirante boere deel.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy?

Waarmee boer jy?

Ons boer op 450 ha (42 ha waterregte) in die Swartland-streek naby Gouda. Ons boer met skape, beeste, graan (koring, hawer, lupiene en medics vir wisselbou) en hierdie jaar het ons begin met mielies. Ons het ook weidingsgewasse onder besproeiing.

Wat motiveer/inspireer jou?

Ek is passievol oor boerdery en het al gedroom om my eie plaas te besit sedert 1993. Ons het onsself belowe dat ons ons droom sal leef die dag wat ons die plaas het. Ek het die volle ondersteuning van my vrou en kinders wat mal is oor die plaaslewe en boerdery. Die eerste dag toe ons Klipdrift besoek in 2011, het ons onsself belowe dat as ons die geleenthed kry om hier te woon, sal ons 'n groot sukses van hierdie plaas maak. Ek het altyd gedroom daaroor om my eie plaas te hê en dit is wat my motiveer. Ons het baie drome, maar ons probeer om dit stukkie vir stukkie te doen.

Beskryf jou sterk- en swakpunte

Ons krag is die feit dat ons genoeg ervaar het, passievol en gemotiveerd is om 'n sukses van hierdie projek te maak. Ons swakpunt is dat dit 'n "moeilike" plaas is.

Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Ons het in 2014 begin boer met hawer en lupine en in 2015 het ons begin met koring, maar as gevolg van die droogte kon ons net 600 kg/ha oes. Die vorige jaar was 'n bietjie beter, maar omdat ons laat geplant het, kon ons net 1,9 t/ha oes. Met die beeste het ons 'n 80% speenpersentasie en met die skape het ons begin met 60% in 2014 en in 2016 het ons geëindig met 'n 110% speenpersentasie.



Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Harde werk en deeglike beplanning is die sleutel tot ons vordering en sukses. Doelwitte is ook baie belangrik. Jy moet weet wat gebeur op jou plaas en om te weet waarheen jy gaan of wil wees, is ook belangrik.

Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sou jy nog wou doen?

Ons het opleiding ontvang in Finansies, Skaapbestuur – Dohne Merino, Sweis en Koringproduksie. My vrou het ook Toerisme en Finansies opleiding ontvang en is tans besig met Gemengde Boerdery opleiding by Kaap Agri Akademie, van wie sy 'n toekenning gewen vir die beste prestasie in 2016.

Ons werkers benodig 'n lewensvaardighedskursus, asook 'n Masjinerie Instandhoudingskursus en ek wil 'n diploma kursus doen in Vee teel, asook in Insek/Chemiese beheer by graan.

Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

Wat sou jy graag nog wou bereik?

Binne vyf jaar wil ons hierdie plaas ten volle gediversifieerd hê, 3 t/ha opbrengs met ons koring behaal, 12 t/ha mielies op 40 ha verbou, 2 ha Lusern plant en 'n 140% speenpersentasie op die skape, sowel as 'n ten volle uitgebreide agri-toerisme komponent hê. Ons wil ook graag jong mense wat passievol oor boerdery is, oplei.

Watter raad het jy vir jong aspirante boere?

My raad aan jong boere is: Moet nooit moed opgee nie, droom groot en moet nooit ophou droom nie. Skryf dit iewers neer en dink twee keer 'n dag daaroor, moet dit nie daar los nie, begin werk daaraan en moet nooit moed opgee nie en wees hard op jouself.

**Artikel verskaf deur Liana Stroebel,
Provinciale Koördineerdeur, (Wes-Kaap)
van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir
Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
liana@grainsa.co.za.**

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246
► Faks: 051 430 7574 ► www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ► jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ► liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ► www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGELDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ► johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ► Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombobothi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ► jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ► Nonhlaphela Sithole

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ► jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ► Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 650 9315 ► graeme@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8069 ► Sydwell Nkosi

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ► ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ► Luthando Diko

Liana Stroebel
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ► liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ► Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ► dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ► Lebo Mogatlanyane

Julius Motsoeneng
Noordwes (Taung)
► 076 182 7889 ► julius@grainsa.co.za

Sinelizwi Fakade
Mthatha
► 071 519 4192 ► sinelizwifakade@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8077 ► Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.



Moet nooit moed opgee nie – agter elke wolk is daar 'n silwer randjie

Het jy al ooit iemand hoor sê: "Eendag wanneer ek aftree, of wanneer ek genoeg geld het, gaan ek dit gemaklik vat – ek gaan boer." Verseker moet die lewenstyl op 'n plaas meer aantreklik wees as die gewoel van die stad. Maar hoe verkeerd is die persepsie dat boerdery stresvry is en 'n maklike manier om 'n inkomste te verdien? Dit is nie net taai nie – dit is moeiliker as taai!

Maak nie saak hoe goed 'n boer sy risikoprofiel bestuur nie, die natuur is onvoorspelbaar en onbeheerbaar. Ons drome word gereeld verpletter deur die elemente (Gedurende die afgelope paar jaar was die aanhoudende droogte en hitte verlammand). Graanboere is veral kwesbaar. Boerdery is nie vir papbroeke mense nie – jy weet dit!

Boerdery is die mees belangrike van alle beroepe! Sonder die boer en sy/haar volharding sal daar geen kos wees nie – sonder kos kan daar geen lewe wees nie. En tog, boerdery is ook die mees nederige van alle beroepe – daar is geen grense op die manier waarop die natuur jou verstom, 'n boer nederig hou en dissiplineer nie.

Ek is seker ons almal is vertroud met die lesse uit die Bybel met betrekking tot tye van oorvloed en tye van hongersnood – oor spaar in die goeie tye om voorsiening te maak vir slechte tye. Dieselfde les leer ons egter ook dat **geen situasie vir ewig dieselfde bly nie – verandering is onvermydelik, maak nie saak hoe lank dit neem nie**. Op hierdie sta-

Geen situasie vir ewig die-selfde bly nie – verandering is onvermydelik, maak nie saak hoe lank dit neem nie.

dium kan dit net beter gaan in Suid-Afrika – EK HOOP!

Wanneer ons wakker word in dieoggend HOOP ons dit gaan reën, HOOP ons dat ons saad sal ontkiem, HOOP ons die bankbestuurder sal... ons HOOP... en HOOP... en HOOP. Hoop en geloof is al waaraan 'n boer moet vashou.

Orweeg hierdie drie aanhalings van be-moediging deur Confucius (Chinese filosoof 551BC - 479BC):

- *'Ons grootste eer lê nie daarin om nooit te val nie, maar elke keer as ons val, weer op te staan.'*
- *'Dit maak nie saak hoe stadig jy beweeg nie, so lank as wat jy nie ophou nie.'*
- *'Die man wat 'n berg verskuif, begin deur die wegry van klippies.'*

Kyk vir daardie wolk... moet nooit opgee nie – selfs al moet jy weer van voor af begin.

**Artikel verskaf deur Raymond Boardman,
Boer en Mentor van Buckingham, Ventersdorp,
Noordwes Provinsie. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na rhboardman@gmail.com.**



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*Keep away from people who try to belittle your ambitions.
Small people always do that, but the really great makes you
feel that you, too, can become great.*

~ Mark Twain

